higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T840**(A)**(A13)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

NYWERHEIDSORGANISASIE EN -BEPLANNING N3

(4090113)

13 Augustus 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
NYWERHEIDSORGANISASIE EN -BEPLANNING N3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n NUWE bladsy.
5. Onderstreep die bladsy ná die voltooiing van elke vraag.
6. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie moet duidelik deurgehaal word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Kies EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings vanuit die onderstaande lys. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

kredietkaart; wisselkoers; deposito; wins; rente; tjek; kantoor; indeks; kontrak; onderneming, debietorder

1.1 Die prys of waarde van ’n geldeenheid wat in terme van ’n ander geldeenheid gewys word, bv. VSA $1 = R7,85

1.2 ’n Spesiale plastiekkaart waarmee jy goedere en dienste kan koop en later daarvoor betaal

1.3 Geld wat deur die bank aan ’n kliënt betaal word omdat hy/sy hul geld in die bank bêre

1.4 Geld wat aan die bank in ’n rekening betaal word vir latere gebruik

1.5 Dit kan gedefinieer word as ’n selfafhanklike onderneming wat daarop gemik is om ’n wins te maak uit die kapitaal wat belê word deur meer of minder individue wat konstant dienste of goedere aanbied en deur die kapitale risiko te neem wat betrokke is by die vooruitloping van aanvraag

1.6 Hoeveelheid geld wat oorbly in ’n onderneming ná alle uitgawes betaal is met die geld wat uit verkope verdien is

1.7 ’n Kamer, plek of gebou waar die vele administratiewe aktiwiteite van ’n besigheid uitgevoer word om sodoende beheer, rigting en bestuur aan die onderneming te verskaf

1.8 ’n Woordeboekagtige lys wat alle moontlike woorde en werkskombinasies wys waarmee materiaal versoek kan word

1.9 ’n Ooreenkoms wat tussen twee of meer partye bereik is met die bedoeling om ’n regsgeldige verpligting te skep met gevolglike regte en pligte

1.10 ’n Uitruilwissel ('bill of exchange') aan ’n bank om ’n betaling op aanvraag te maak

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Noem die dokumente wat na die registrateur gestuur moet word as ’n privaat maatskappy geregistreer moet word. (5)

2.2 Gee die inligting wat in ’n memorandum van ooreenkoms ('memorandum of association') vervat moet word as ’n maatskappy gestig word. (7)

2.3 Noem die standaardvorms wat vir voorraadbeheer gebruik word. (8)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Beskryf die SES inligtingsbronne wat die kredietbestuurder kan gebruik om die finansiële status van 'n voornemende koper te bepaal. (6)

3.2 Gee 10 vrae wat jy sou vra om jou te help om die beste ligging vir jou sakeonderneming te kies. (10)

3.3 Bespreek die VYF fisiese vereistes van 'n doeltreffende en volledig funksionerende kantoor. (5)

3.4 Noem SES voordele van 'n goeie gehaltebeheerstelsel. (6)

3.5 Noem die DRIE hoofdoelwitte van werksontleding. (3)
[30]

VRAAG 4

4.1 Noem en verduidelik die vereistes vir die sluiting van 'n kontrak. (5 × 3) (15)

4.2 Noem DRIE maniere hoe 'n kontrak beëindig kan word. (3)

4.3 Noem TWEE nasionale wetgewingswette waarvan 'n besigheid en sy werknemers bewus moet wees. (2)
[20]

VRAAG 5

5.1 Die werksarea moet beplan en ontwerp word om op 'n veilige manier aan individuele behoeftes te voldoen.

Verduidelik hierdie stelling. (4 × 3) (12)

5.2 Die gehalte van 'n indeks hang af van 'n kompromie tussen gebruikersvereistes en produksievermoëns.

Noem die produksievermoëns. (4)

5.3 Noem VIER berekenings wat met produksiekoste verband hou. (4)
[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou